kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 358

Welkom, o stille nag van vrede,
onder die suiderkruis,
wyl stemme uit die ou verlede
oor sterrehemel ruis.

Refrein
Kersfees kom, Kersfees kom –
gee aan God die eer.
Skenk ons 'n helder Somerkersfees
in hierdie land, o Heer.

Hoor jy hoe sag die klokke beier
In eeue-oue taal.
Kyk, selfs die nagtelike swye
vertel die ou verhaal.

Voel jy ook nou sy warm liefde
As ons die dag gedenk,
Toe Hy sy Seun aan ons gegee het –
Ons grootste kersgeskenk.
Christus kom, Christus kom –
gee aan God die eer.
Skenk ons 'n helder Somerkersfees
in hierdie land, o Heer.

Woorddiens

Tema: Voetspore

Skriflesing: Matteus 3:1-12

Broodjies vir die pad

"There is divine beauty in learning... To learn means to accept the postulate that life did not begin at my birth. Others have been here before me, and I walk in their footsteps. The books I have read were composed by generations of fathers and sons, mothers and daughters, teachers and disciples. I am the sum total of their experiences, their quests. And so are you."
— Elie Wiesel

"He seems to read nothing but my books, and says his one desire is to 'follow in my footsteps'! But I have told him that they lead to terrible places."
— Oscar Wilde, The Complete Letters of Oscar Wilde

"It must be good to die in the knowledge that one has done some truthful work and to know that, as a result, one will live in the memory of at least a few and leave a good example for those who come after. A work that is good may not last forever, but the thought expressed by it will, and the work itself will surely survive for a very long time, and those who come later can do no better than follow in the footsteps of such predecessors and copy their example."
— Vincent Van Gogh, The Letters of Vincent van Gogh

"The Scots studied the past to understand the present, and of course improve it. Like the ancient Greeks and the Chinese, they knew that those who lack a keen awareness of history are destined to "remain forever children in understanding," as David Hume put it. Genius requires not only an accelerator but also a rearview mirror."
— Eric Weiner, The Geography of Genius: A Search for the World's Most Creative Places from Ancient Athens to Silicon Valley

"A remarkably large number of Renaissance artists were illegitimate, including Alberti and Ghiberti. For them, as for Leonardo, this was both a curse and a blessing. Had he been born "legitimately," Leonardo would likely have followed in his father's footsteps and become a notary or a lawyer. But those professions' guilds refused entry to illegitimate children. Leonardo couldn't become a doctor or a pharmacist, nor could he attend university. By age thirteen, most doors were already closed to him."
— Éric Weiner, The Geography of Genius: A Search for the World's Most Creative Places from Ancient Athens to Silicon Valley

Travel the world with Eric Weiner, the *New York Times* bestselling author of *The Geography of Bliss*, as he journeys from Athens to Silicon Valley—and throughout history, too—to show how creative genius flourishes in specific places at specific times.

In *The Geography of Genius*, acclaimed travel writer Weiner sets out to examine the connection between our surroundings and our most innovative ideas. He explores the history of places, like Vienna of 1900, Renaissance Florence, ancient Athens, Song Dynasty Hangzhou, and Silicon Valley, to show how certain urban settings are conducive to ingenuity. And, with his trademark insightful humor, he walks the same paths as the geniuses who flourished in these settings to see if the spirit of what inspired figures like Socrates, Michelangelo, and Leonardo remains. In these places, Weiner asks, "What was in the air, and can we bottle it?"

https://www.goodreads.com/book/show/25111093-the-geography-of-genius

Brood vir die pad

Invloed en Beïnvloed

Pieter van der Westhuizen

Om kwart voor drie in die oggend vorm die lang wyser en die kort wyser op die horlosie vir een minuut lank ‘n reguit lyn op die wyserplaat. In militêre kringe is dit bekend as die Uur U, die tyd waarop nagaanvalle in konvensionele oorlogvoering begin word. Hierdie minuut kan ook gesien word as ‘n skeiding tussen dit wat verby is, en dit wat voorlê. Diegene wat vetroud is met die werk van die Nederlandse digter, Marthinus Nijhoff, sal weet hoe hy dit in sy lang epiese gedig, Het uur U, verwoord. Dit is ook volgens populêre opvattings die tyd van die nag wanneer die meeste oumense sterf maar ook die die meeste babas gebore word. Ongelukkig vir my is dit ook die tyd van die nag waartydens my ouer wordende lyf my, met byna metronomiese reëlmaat elke nag, soos ‘n renmotor tydens ‘n wedren, dwing om gou eers by die kuipe aan te doen.

Dinsdagoggend was dit toe weer so. Daarna het die slaap, in die taal van die 1933-vertaling van die Bybel, “van my gewyk.” Jaloers op die rustige, diep asemhaling van my geliefde langs my, is ek toe besig om, soos my vriend en oud-kollega, Braam de Vries dit in sy Kannalandse Afrikaans sou stel, op my kooi te “lê lê en dink”. Soos die patrone wat in ‘n kaleidoskoop met elke draai of skud verander, vloei die gedagtes toe deur my kop. Eers my vierde verjaarsdag toe my ma, as gevolg van die na-oorlogse rantsoenering wat nog steeds in swang was, nie botter kon kry om vir my ‘n koek te bak nie. Toe die bruin uiesop wat ek daardie middag met die witsous van die hoenderbroccolie wil meng. Die hoendervleis laat my gedagtes toe dwaal na die Sondaghoender wat ek op hoërskool elke Saterdagmiddag moes slag en hoe ek so tussen die uitpluk van die vere my katkisasieles uit GBA Gerdener se Handboek by die Katkisasie sit en leer het. Toe kom Wynand se bespreking van die verskil tussen invloed en beïnvloed Sondag in die kerk by my op, en net daar gaan my gedagtes op ‘n padmars.

Dit het begin by die voorbeeld van Zuma se onheilige samewerking met die Guptas. Hierdie gedrag het beslis ‘n invloed op almal in die land en ons kan niks daaraan doen nie. Dit is eenvoudig iets wat gebeur het waaroor ons geen beheer gehad het nie. Ons moet eenvoudig leef met die gevolge. Nog ‘n voorbeeld sou wees die invloed wat Trump se handelsoorlog met die Sjinese op ons het. Dink ook aan die invloed van onder andere die tegnologie, godsdienstige beskouings, die kapitalisme en sosialisme en, natuurlik ook, klimaatsverandering.. Ons lewe eenvoudig in ‘n wêreld vol mega-invloede waaraan ons as individue niks kan doen nie.

Ons kan egter op baie invloede reageer en self besluit hoe ons hulle gaan hanteer. Ons kan byvoorbeeld nadink, lees en praat oor ideologieë en ander opvattings. Ons kan daarmee saamstem of nie saamstem nie, dit ondersteun of nie ondersteun nie. Hierdie saamstem met, of verskil van, kan daartoe lei dat ons in reaksie op die invloed wat hierdie dinge op ons het sekere dinge doen of nie doen nie. Hierdie betrokkenheid of onbetrokkendheid is intensioneel. Ons neem wilsbesluite daaroor. Dan sou ek sê dat ons deur die dinge beïnvloed word of nie beïnvloed word nie. By beïnvloeding is daar dus sprake van intensionalitet. Hierdie beïnvloeding kan soms baie dramaties wees. Dink aan Paulus op die Damaskuspad. Sy hele lewe daarna is deur hierdie dramatiese gebeurtenis gerig. Dink ook aan iemand soos Philby destyds in Engeland. Sy blootstelling aan die Marxisme tydens sy studies aan Cambridge het sy lewe so dramaties beïnvloed dat hy uiteindelik sy land verraai het en vir die Russe gespioeneer het. Nog duidelike voorbeelde van optrede met intensie is om toe te gee aan die druk van mode-voorskrifte en ook die saam-in-die-koorsing met betrekking tot die jongste kommunikasietegnologie. Jy gee eenvoudig toe aan groepsdruk, al hoef jy nie. “Liewer dood as uit die mode”, het die oumense gesê.

Tog kan ek dink aan voorbeelde waar ons die woord beïnvloed sal gebruik waar intensie nie sterk op die voorgrond is nie. Die mens is ‘n kuddedier. Die jongste neuro-linguistiese navorsing wys dat ons geneties “bedraad” is om taal aan te leer. Soos, onder andere, voëls wat op ‘n spesifieke manier voorplant, sing en neste bou, leer die kind-mens op ‘n baie jong ouderdom instinktief taal aan. Soms meer as een taal. Die taalinstink “motiveer” die kind om slegs op grond van blootstelling aan die taalgebruik van mense om hom, ‘n ingewikkele linguistiese sisteem te abstraheer. Dit sluit in implisiete “kennis” van sintaktiese, semantiese, fonologiese en prosodiese patrone. In hierdie stadium is die kind ‘n baie akkurate nabootser en leer hy/sy die aksent van hulle moedertaal aan. Die “intensie” om dit te doen is nie in doelbewuste handelinge gesetel nie, maar word eenvouding deur sy/haar kudde-instink beïnvloed. ‘n Akteur wat in ‘n later stadium van sy/haar lewe so ‘n aksent wil naboots, moet baie oefen om in sy/haar poging nie deur die fonologiese struktuur van sy/haar moedertaal beïnvloed te word nie.

Uit die jongste navorsing oor getalbegrip by kinders wil dit ook lyk of daar by die mens-kind ‘n getalgeen teenwoordig is. Kinders toon eenvoudig ‘n “bewustheid” van getal nog voor hulle formeel leer tel. Taalkundige ondersteuning van hierdie vermoede vind ons in klein kinders se korrekte hantering van ingewikkelde getal- en persoonsaanduiding in baie tale wat deur die klein moedertaalsprekertjies uit die taalgebruik van ander mense om hulle geabstraheer word en met ‘n verstommende mate van korrektheid gebruik word. Besonder interessant in hierdie verband is die feit dat daar tale is wat nie net, met betrekking tot getal, “een” en “meer as een” onderskei nie, maar ook “twee”. Taalkundig word dit ‘n dualis genoem. Voordat hulle formeel kan tel gebruik die klein sprekertjies van hierdie tale dus enkelvoud, meervoud en die dualis met ‘n hoë mate van korrektheid.

In hierdie stadium het my gedagtes begin dwaal oor invloed en beinvloed soos ons dit in die musiek, die beeldende kuns en letterkunde aantref. Ek wou nog in my kop duideliheid probeer kry oor hoe ‘n bepaalde kunstenaar deur die invloede wat op hom/haar inwerk beïnvloed word, om uiteindelik ‘n eie stem te kry wat weer ‘n invloed op anders kunstenaars uitoefen, toe die slaap uiteindelik kom. Ook maar goed, want anders as koning Saul, het ek nie ‘n Dawid om vir my die volgende oggend op die harp te speel as ek met die wakkerword soos Bruce Fordyce se Comradestêkkies voel nie.

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877